Studenteblyplek bekostigbaar

'n ONLANGS voltooide private verblyfplek vir studente in Sir Lowryweg naby die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie en die Kasteel die Goeie Hoop is waarskynlik die eerste werklike toevoeging van bekostigbare huisvesting in die sentrale sakekern.

Monpak-sentrum, 'n seweverdiepinggebou uit die jare sestig, is heeltemal herontwerp en voorsien nou verblyf aan 90 studente.

As deel van die R300 miljoen-projekte waaraan tans in sy kantore gewerk word, het die firma Bam Zöllner Argitekte ook pas 'n ander studentewoonstelprojek in Rosebank voltooi.

Die projek-argitek Heidi Zöllner sê die Monpak-sentrum in die stad het uitstekende moontlikhede gebied. Die opknappingswerk van R5,5 miljoen het die herontwerp van die bestaande verdiepings ingesluit om plek te bied vir 'n algemene lokaal, omsluit deur studentekamers, badkamers en 'n kombuis op elke verdieping. "Die oorspronklike modernistiese styl is ietwat aangepas deur die aanwending van kleur en ander subtiele veranderinge, en die trapskag, 'n baie prominente eksterne kenmerk, is 'n nuwe muurbedekking gegee om 'n fokuspunt op die fasade te vorm."



'n Kunstenaarsvoorstelling van die Monpak-sentrum-ontwikkeling.